

Kom ons werk kleingeld uit



- ✓ Kleingeld is die geld wat jy te veel vir jou inkopies betaal.
- ✓ Kleingeld is die verskil tussen wat jou inkopies kos en die bedrag wat jy vir hulle gee.
- ✓ Om jou kleingeld te bereken, tel jy aan (of maak vol). Jy begin by die kleinste bedrag en tel aan tot by die grootste bedrag.
- ✓ Ons gebruik die getallelyn om ons te help.



Tom wil graag
vir hom 'n bal
koop wat R26,70
kos.




Hy het R50 in sy
beursie. Het hy
genoeg geld? Ja,
beslis! Hy gaan ook
nog kleingeld kry.

Help my om
my
kleingeld te
bereken.

Stap 1: Trek 'n getallelyn en vul die bedrae in.




Stap 2: Ons gaan nou eers die 70c volmaak tot 'n rand. Ons gaan 30c bytel.




Stap 3: Maak nou vol tot die volgende veelvoud van 10 (ronde getal)

$$R27 + R3 = R30$$



Stap 4: Maak nou vol (of tel aan) tot by R50.

$$R30 + R20 = R50$$



Tel nou die getalle (bedrae) wat jy aangetel en bokant die bogies neergeskryf het, bymekaar om Tom se kleingeld te bereken.

Jippee!
Ek kry R23,30
kleingeld!





Mamma koop 'n brood vir R21,50 en 'n sak aartappels vir R42,20. Sy betaal met 'n R100,00 noot. Hoeveel kleingeld kry sy?

Ek kan hierdie som in 2 dele verdeel:

- Hoeveel kos die items wat sy gekoop het altesaam?
- Hoeveel kleingeld kry sy?



Hoeveel kos die items altesaam?

$$R21,50 + R42,20 = \square$$

Tel eers die rande bymekaar: $R20 + R40 = R60$

$$R\ 1 + R\ 2 = R\ 3$$


Tel nou die sente bymekaar: $50c + 20c = 70c$

Tel nou die R en c bymekaar: $R60 + R3 + 70c = R63,70$



Kleingeld:

$$R63,70 + \square = R100,00$$



$$\text{Kleingeld: } R30 + R6 + 30c = R36,30$$